DEPARTEMENT VAN BEHUISING

WES-KAAPSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE

INHOUDSOPGAWE

1. Struktuur van die Departement
2. Funksies van die Departement
3. Kontakbesonderhede van die adjunk-inligtingsbeampte
4. Gids deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie oor die gebruik van die Wet
5. Rekords
5.1 Beskrywing van onderwerpe waaroor die Departement rekord hou
5.2 Rekords wat outomaties beskikbaar is
5.3 Versoekprosedure
6. Dienste beskikbaar aan die publiek
7. Reëling wat betrokkenheid by die formulering van beleid en die uitvoering van funksies toelaat
8. Regsmiddele beskikbaar ten opsigte van handelinge of versuim om te handel

1. STRUKTUUR VAN DEPARTEMENT

ARTIKEL 14(1)(a)



2. FUNKSIES VAN DIE DEPARTEMENT

- Lewer professionele en tegniese steundienste ten opsigte van behuising en verwante ontwikkelingsaspekte
- Bestuur behuisingsvoorsiening volgens goedgekeurde behuisingsprogramme
- Bevorder behuisingsvestiging en kwessies in verband met eienaars/huurders

DIREKTORAAT PROFESSIONELE EN TEGNIESE DIENSTE

- Lewer 'n ingenieurs- en argiteksteundiens
- Lewer 'n bou-steundiens
- Lewer 'n steundiens vir die inspeksie van werke
- Lewer 'n administratiewe steundiens ten opsigte van projekte

DIREKTORAAT BEHUISINGSBESTUUR

- Administreer die nasionale en provinsiale behuisingsprogramme
- Administreer en kommunikeer die nasionale en provinsiale behuisingsbeleid
- Bestuur aspekte van behuisingsadministrasie
- Bestuur behuisingsontwikkeling

DIREKTORAAT BEHUISINGSVESTIGING

- Bevorder ordelike vestiging
- Bevorder behuisingsontwikkeling
- Administreer bates van die Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsraad
- Lewer 'n diens in landelike gebiede en op gemeenskapsplase
- Administreer die Provinsiale Huurbehuisingstribunaal

3. KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE

ARTIKEL 14(1)(b)

Mnr. J.W. Africa
Waalstraat 27/Privaat sak X9083
KAAPSTAD
Tel.: (021) 483-4347
Faks: (021) 483-3475
E-pos: Jafrica@pawc.wcape.gov.za

4. GIDS DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE OOR DIE GEBRUIK VAN DIE WET

ARTIKEL 14(1)(c)

Die gids oor die gebruik van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, sal teen nie later nie as Augustus 2003 by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie beskikbaar wees. Doen navraag by:

Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie
Eenheid vir die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting
Afdeling Navorsing en Dokumentasie

Posadres:	Privaat sak 2700 HOUGHTON 2041
Tel.:	(011) 484-8300
Faks:	(011) 484-1360
Webwerf:	www.sahra.org.za
E-pos:	PAIA@sahra.org.za

5. REKORDS

ARTIKEL 14(1)(d)

5.1 BESKRYWING VAN ONDERWERPE WAAROOR DIE DEPARTEMENT REKORDS HOU

- Provinsiale Behuisingswetgewing
- Finansiële delegasie van die Departement
- Verslae oor behuisingskwessies
- Opgradering van informele nedersettings
- Rade
- Komitees en konferensies wat met behuising verband hou
- Publisiteit en bemarking
- Ontwikkeling en verwante ondersteuning
- Spesifieke projekte van die Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsraad
- Tenders en kontrakte in verband met behuising
- Verkryging van goedere en dienste
- Verhuring en vervreemding van eiendomme van die Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsraad
- Instandhouding van eiendomme van die Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsraad
- Inwoners ingevolge die Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), Wet 9 van 1987
- Eiendomme en erwe ingevolge die Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), Wet 9 van 1987
- Beplanning en ontwikkeling ingevolge die Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), Wet 9 van 1987
- Behuisingsubsidies
- Herontwikkeling van hostelle
- Verhore van die Huurbehuisingstribunaal

- Debiteure van die Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsraad

5.2 REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS

ARTIKEL 14(1)(e)

Geen formele kennisgewing is gepubliseer in verband met die kategorieë rekords binne die Departement wat outomaties aan die publiek beskikbaar is sonder dat 'n persoon toegang moet versoek ingevolge die prosedures wat in die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting bepaal word nie. Hieronder is 'n lys van sodanige rekords.

BESKRYWING VAN KATEGORIEË REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS INGEVOLGE ARTIKEL 15(1) VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000	**MANIER WAAROP TOEGANG TOT REKORDS VERKRY WORD**
BESKRYWING VAN KATEGORIEË REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS VIR KOPIËRING OF AANKOPE INGEVOLGE ARTIKEL 15(1)(a)(ii)	
(a) Toekenning van Sourcelink-tenders	Afskrifte van hierdie rekords kan na betaling van die voorgeskrewe gelde verkry word by die Direktoraat Professionele en Tegniese Dienste, Waalstraat 27, Privaat sak X9083, Kaapstad 8000.

(b) Goedgekeurde behuisingsbeleidsdokumente (c) Provinsiale behuisingswetgewing (d) Omsendbriewe oor behuising (e) Aansoekvorms vir subsidies (f) Lyste van projekaansoeke ontvang (g) Lyste van behuisingsprojekte in aanbou (h) Besluite van die Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsraad (slegs aan partye wat betrokke is) (i) Besonderhede van subsidiebegunstigdes (slegs aan partye wat betrokke is)	Afskrifte van hierdie rekords kan na betaling van die voorgeskrewe gelde verkry word by die Direktoraat Behuisingsbestuur, Waalstraat 27, Privaat sak X9083, Kaapstad 8000.
(j) Begrotingstoespraak	Afskrifte van hierdie rekords kan na betaling van die voorgeskrewe gelde verkry word by die Ministeriële Skakelbeampte, Waalstraat 27, Privaat sak X9083, Kaapstad 8000.
(k) Regulasies gepubliseer ingevolge die Wet op Huurbehuising, 1999 (Wet 50 van 1999) (l) Sakelêers van die Huurbehuisingstribunaal (slegs partye wat betrokke is) (m) Bevindinge van die Huurbehuisingstribunaal (n) Debiteurerekeninge (slegs aan die partye wat betrokke is)	Afskrifte van hierdie rekords kan na betaling van die voorgeskrewe gelde verkry word by die Direktoraat Behuisingsvestiging, Waalstraat 27, Privaat sak X9083, Kaapstad 8000.

(o) Jaarverslae van die - - Departement Behuising - Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsraad - Wes-Kaapse Huurbehuisingstribunaal (p) Strategiese plan (q) Begroting (in Staatskoerant)	Afskrifte van hierdie rekords kan na betaling van die voorgeskrewe gelde verkry word by die Direktoraat Departementele Finansies, Waalstraat 27, Privaat sak X9083, Kaapstad 8000.

5.3 VERSOEKPROSEDURE

- 'n Versoeker moet Vorm A, soos voorgeskryf in die regulasies wat ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Regeringskennisgewing R223 van 9 Maart 2001) gepubliseer is, gebruik.

- 'n Versoekfooi ten bedrae van R35,00 is betaalbaar voordat die versoek verwerk sal word.

- Op die bogenoemde vorm word voorsiening gemaak vir die versoeker om aan te dui of hy/sy 'n afskrif van die rekord wil hê en of hy/sy bloot daarna wil kyk.

- Die vorm maak ook daarvoor voorsiening dat die versoeker kan aandui in watter taal die rekord verlang word, hoewel daar geen verpligting op die Departement rus om dit te vertaal nie.

- 'n Versoeker kan ook aandui op watter wyse (dit wil sê 'n afskrif op papier, 'n elektroniese afskrif, ensovoorts) toegang tot die rekord verleen moet word. Daar sal by hierdie versoek gehou word, tensy dit onredelik sal inmeng met die bedrywighede van die Departement of indien daar om praktiese redes nie in die spesifieke vorm of medium toegang tot die rekords verleen kan word nie.

- 'n Versoekfooi is betaalbaar indien die persoon byvoorbeeld afskrifte van die rekord verlang. In sekere gevalle mag die betrokke persoon ook versoek word om 'n deposito te betaal. Die versoeker kan 'n interne appèl indien teen die betaling van hierdie gelde. Die bedrag wat ten opsigte van 'n interne appèl betaalbaar is, beloop R50,00. Indien die versoeker 'n interne appèl wil indien, moet Vorm C (soos voorgeskryf in Regeringskennisgewing R223 van 9 Maart 2001) ingevul word.

- Ingeval al die prosedures vir 'n interne appèl gevolg is en die versoeker nog nie tevrede is met die uitkoms nie, kan 'n hof genader word vir 'n toepaslike bevel.

- Toegang tot 'n rekord sal weerhou word totdat al die toepaslike gelde betaal is.

- Inligting kan namens 'n ander persoon aangevra word, maar daar moet aangedui word in watter hoedanigheid die versoek gerig word.

- Indien die versoeker nie kan lees of skryf nie, of as gevolg van 'n gestremdheid nie die vorm kan invul nie, kan die versoek mondeling gerig word. Die inligtingsbeampte of 'n persoon aan wie die bevoegdheid gedelegeer is, moet dan die vorm namens hierdie persoon invul en vir hom/haar 'n afskrif van die voltooide vorm gee.

6. DIENSTE BESKIKBAAR AAN DIE PUBLIEK
ARTIKEL 14(1)(f)

- Goedkeuring van behuisingsubsidies
- Verhuring van eiendomme van die Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsraad
- Verkoop van eiendomme van die Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsraad
- Uitreiking van grondbriewe ingevolge die Wet op Landelike Gebiede

- Hantering van onderverdelings ingevolge die Wet op Landelike Gebiede
- Registrasie van dorpsgebiede ingevolge die Wet op Landelike Gebiede en die Wet op Minder Formele Dorpstigting (Wet 113 van 1991)
- Hersonering en sluiting van strate en openbare plekke ingevolge die Wet op Landelike Gebiede
- Oplossing van geskille tussen eienaars en huurders van residensiële eiendomme

7. REËLINGS WAT VOORSIENING MAAK VIR PUBLIEKE BETROKKENHEID IN DIE FORMULERING VAN BELEID EN VERRIGTING VAN FUNKSIES

ARTIKEL 14(1)(g)

In die meeste gevalle skryf wetgewing die prosedures vir die bekendmaking van aangeleenthede en vir openbare deelname voor.

- Kennisgewings in die media, byvoorbeeld in die Provinsiale Koerant, provinsiale en plaaslike/gemeenskapskoerante
- Werksessies met belangegroepe
- Kennisgewings op die Departement se webwerf
- Handleidings en riglyndokumente (soms)

8. REGSMIDDELE BESKIKBAAR TEN OPSIGTE VAN HANDELINGE OF VERSUIM OM TE HANDEL

ARTIKEL 14(1)(h)

Wetgewing wat op die Departement van toepassing is, kan voorsiening maak vir 'n interne hersienings- of appèlprosedure. Indien hierdie prosedure gevolg is, of indien daar nie vir sodanige prosedure voorsiening gemaak is nie, kan 'n hof vir die toepaslike bevel genader word.